

A full-page photograph of a soldier in profile, facing left. He is wearing a camouflage uniform, a cap, and a watch. He holds a rifle across his body. The background is a dry, bushy landscape under a clear blue sky.

**SPESIALE BYLAE  
OM UIT TE HAAL**

# **SO VEG DIE RHODESIËRS**

Ons manne was self daar!  
Verlede week het die eerste  
gratis bylæ oor die Rhodesiese  
oorlog verskyn en hiermee  
verskyn die laaste treffende  
weergawe van wat werklik in  
Rhodesië gebeur. 'n Spesiale  
NOU-ondersoekspan het sy aan-  
sy saam met die Rhodesiese  
soldate deur die digte boswêreld  
beweeg om vas te stel hoe die  
swart terroriste te werk gaan om  
Rhodesië tot 'n val te bring... en  
hier is hulle verslag



# DIE OORLOG VAN VREES EN GEESTELIKE ONDERMYNING


deur PAUL C. VENTER

*Die slagoffer van 'n  
landmynontploffing. Wat  
gaan die sielkundige  
uitwerking van hierdie  
wonde op haar en haar  
familie wees?*



**DIE BEROEMDE AMERIKAANSE  
GENL. PATTON HET OP 'N SLAG  
GESÊ: 'NIEMAND BEGIN 'N OOR-  
LOG TENSY JY DIT WIL KLAAR-  
MAAK NIE.' EN ENIGE OPENHAR-  
TIGE POGING TOT SAME-  
SPREKINGS MOET NOODGE-  
DWONGE TOT 'N OOREENKOMS  
TUSSEN DIE TWEE GROEPE LEI. OF  
DIE TERRORISTE EGTER VIR SO 'N  
SKIKKING TE VINDE IS, IS IN HIER-  
DIE STADIUM HOOGS TWYFELAG-  
TIG**

50 NOU 15 Augustus 1975



*Eens op 'n tyd het 'n  
tabakboer en sy gesin  
hier geleef. Een vuurpyl-  
aanval was genoeg om hulle  
na die suide te verdryf.*

**R**HODESIË kan beslis daarop aanspraak maak dat hy een van die wêreld se voorste deskundiges op die gebied van terroriste-aanvalle is.

In dié onverpoosde stryd het hulle geleer dat die woord terrorisme presies beteken wat dit impliseer — 'n voortgesette aanslag van vrees en ondermyning en 'n psilogiese proses om die emosies van 'n volk by die wortels te ontruk.

Terselfdertyd het hulle geleer dat die opvattinge oor sogenaamde terroriste-lafhartigheid nie heeltemal gegrond is nie, want juis deur aan te val en te vlug word die moreel van die slagoffers en verdedigers tot in sy wese aangetas. Hulle weet ook dat 'n boer se liggaam wat onherkenbaar deur koeëls vermink is, nie bloot net 'n verkwing van ammunisie is nie, want die vrees en geestelike ondermyning wat dit by sy hulpelose vrou ontboesem, is die geld en moete oor en oor werd.

Volgens kol. Dave Parker, bevelvoerder van die Rhodesian Light Infantry, bestaan ongeveer 20 persent van hierdie soort oorlogvoering uit militêre aanslag en die res uit psilogiese ondermyning. Hy gee gereedlik toe dat, indien meer geld vir skole, hospitale en 'n maatskaplike opheffingswerk in die geteisterde aanvalsgebiede beskikbaar was, sy land se psilogiese paraatheid aansienlik daarby sou baat. Ongelukkig is 'n tekort aan geld en 'n gedugte militêre eenheid juis die grootste struikelblokke in die suksesvolle toepassing van hul psilogiese aksieplan.

Rhodesië se ontsaglike onontwikkelde wildernisgebied bly natuurlik die middelpunt van die terroriste se inspelingsveldtog. Ondanks die regering se nagenoeg R23 miljoen vir die ontwikkeling van dié gebiede is die doeltreffende aanwending daarvan beswaarlik 'n druppel in die emmer. Daar is nie minder nie as 166 stamtrustgebiede wat meer as die helfte van die land se oppervlak beslaan en die hoofstad, Salisbury, soos 'n beklemmende vuus omsluit. Nagenoeg 75 persent van Rhodesië se ses miljoen swartmense woon in dié gebied waar verpligte skoolopleiding slegs tot op primêre vlak toegepas word en stamtradisies hoogty vier.

**D**IE terroriste, gewoonlik gebore Rhodesiërs, is natuurlik ten volle bewus van dié toestande en daarom bly hulle mees

gedugte wapen, naas die Russiese en Chinese gewere, mortierbomme, landmynen en handgranate, steeds die toepassing en uitbuiting van vrees. Dit is egter nie net liggaamlike vrees wat hulle as meedoënlose moordenaars en verkragters inboesem nie, maar juis die vrees van voorvaderlike weerwraak waaraan die ongeletterdes so algeheel glo.

Distrikskommissaris Jim Latham, wat as 'n deskundige op die gebied van stamgebruike beskou word, sê dat dit eerder 'n stryd geword het om die harte en denke van die bevolking te wen — 'n proses waarin hy en sy manne genoodsaak is om hul aanvoorkom by die oorsprong van die probleem te begin.

Nou onlangs nog het 'n groep terroriste die land ingesluit, doelbewus afgesit na die stat van 'n invloedryke medium en die ou vrou saam met hulle oor die grens ontvoer. Dit is opvallend dat die Nehanda-sektor, so deur die terroriste na die ou vrou vernoem, vandag steeds die belangrikste oorsprong van hul ondermyningsaanvalle is.

Jim Latham vertel: „Ten einde die terroriste se psilogiese aanvalspatroon te begryp, moet 'n mens iets van 'n stat se indeling weet. Elke stat het natuurlik sy eie hoof en 'n reeks krale in dieselfde gebied word gewoonlik onder 'n onderhoof of hoofman ingedeel. Die stam as sodanig is egter nie net aan die lewende hoof onderdanig nie, maar ook aan elke voorafgaande gestorwe vader tot by die aanvanklike stigter van die stam. Dit is eintlik dié stigterhoof wat die grootste mag uitoefen, hoewel hy miskien al honderde jare oorlede is. Hy spreek gewoonlik tot sy stam deur 'n medium wat op sy beurt ongekende aansien by die res van die stam geniet.”

Naas die ou vrou, Nehanda, is 'n ander jong medium, Chiwawa, ook deur die terroriste gevange geneem en gebruik om die plaaslike stamme in so 'n mate te bedreig dat hulle ewe houtgerus hul wapens oor die grens kon bring sonder dat iemand die veiligheidsmagte daarvan verwittig het.

Volgens Jim Latham is Chiwawa uiteindelik opgespoor en gevange geneem en het hy met die hele sak patats vorendag gekom. Blykbaar het die terroriste sy bygelowigheid uitgebuit en hom oortuig dat hulle hulle vir dieselfde doelstellinge as die voorvaders beywer. Die veiligheidsmense moes hom daarenteen oortuig dat die terroriste se bedrywighede bloot op verwoesting en ondermyning

gemik is en dat hulle geensins in die doelstellinge van die voorvaders belang stel nie. Kort hierna het die terroriste hul eie mediums aangestel, maar dit was glad nie geslaag nie.

Benewens dié mediums is daar ook nog die toordokters om mee rekening te hou, want selfs die terroriste het 'n onwrikbare geloof in die magte van die toordokters. Om dié rede dra die terroriste gewoonlik 'n hele string gelukbringertjies om hul nekke omdat hulle glo dat dit sal help om die Rhodesiese koeëls in water te laat verander.

Dit is egter nie net die Departement van Binnelandse Sake wat hom op dié psilogiese teen-offensief toelê nie. Die polisie is net so bedrywig. Dit is hul pleg om wetloosheid te bekamp en die stamlede te oortuig dat die vyand niks anders as koelbloedige moordenaars is nie. Wanneer die terroriste dus 'n stamhoof om die lewe bring, is hulle nie besig om oorlog te voer nie, maar om moord te pleeg. En daarom moet hulle opgehang word. Wanneer hulle onskuldige jeugdige ontvoer om as terroriste opgelei te word, is hulle skuldig aan 'n oortreding bekend as ontvoering. En daarom moet hulle deur 'n hof gestraf word. Wanneer 'n plaaslike inwoner 'n terroristekamp of -wapens ontdek en dit nie aanmeld nie, is hy skuldig aan dwarsboming van die gereg en kan hy gevangenisstraf van tot twintig jaar opgelê word.

**I**N die derde plaas word hierdie aksieplan deur die leer self uitgevoer en is dit dikwels die swart Rhodesiese soldaat wat hieraan uitvoering moet gee. Alex Masterson, 'n wetsgeleerde wat Shona vlot kan praat, is verantwoordelik vir die belangrike opleiding van die Rhodesian African Rifles, 'n eenheid wat hoofsaaklik uit swart soldate bestaan.

Hy vertel: „Die kursus duur gewoonlik 'n week en ons leer hulle veral hoe om belangrike inligting in te samel. Die meeste verkies hierdie soort werk eerder as om aan die gevegsfront diens te doen. Ons probeer die regte perspektief by hulle tuisbring, naamlik dat hulle op dié wyse moet help om hul eie gesinne teen selfondergang en teen die terroriste te beskerm.”

Terselfdertyd word die soldate ook geleer om vertroue in te boesem, om terroristetaktiek met vriendskap te uitoefen en om 'n ongeletterde vrou te oortuig dat sy uniform 'n simbool van beskerming is en dat hy haar nie in die afwesigheid van sy

NOU 15 Augustus 1975 51





*Vir haar gaan die lewe sy primitiewe gang ... en 'n soldaat moet sorg dat dit so bly.*

52 NOU 15 Augustus 1975

offisier sal verkrag of haar kind sal ontvoer nie.

Hulle word natuurlik ook geleer om nooit die vyand te onderskat nie, want die terroriste is gedugte teenstanders.

„'n Terroris is byvoorbeeld deur die veiligheidsmagte verwond en het ver in die Zambezi-vallei af gevlug voordat hulle hom kon inhaal. Om sy gapende wond skoon te hou, het hy 'n stuk van sy broek afgeskeur en dit herhaaldelik dwarsdeur die wond gedruk.”

Daar is 'n Shona-gesegde wat lui: „'n Kind van die slang sal altyd 'n kind van die slang bly” en die wysheid word voortdurend aan Masterson se leerlinge voorgehou. Die grootste skade word natuurlik deur leuens aangerig, want die terroriste belowe plegtig dat die swart inwoners nooit hoef te werk of hul beste te dip in hulle die bewind

*REGS: Hy en die terroris het dalk as jong seuns saam gespeel ... nou dra hy die uniform van 'n Rhodesiese soldaat.*

## „'N KIND VAN DIE SLAG SAL ALTYD 'N KIND VAN DIE SLAG BLY’



oorneem nie.

Masterson erken dat meer geld aan opheffingswerk bestee moet word.

„Ons moet meer skole bou, maar tot dusver moes ons geld en mannekrag allereers ingespan word om die inspyeling te stuit. Ons kon maar eers vanjaar met hierdie uiters belangrike psigologiese aksieplan begin en elkeen wat daarby betrokke is, glo dat dit op die lange duur van baie groter waarde as enige militêre aanslag sal wees.”

Die mening bestaan selfs dat dit van groter waarde as détente sal wees, want vir die terroriste beteken dié woord iets heeltemal anders. Indien hulle ooit tot samesprekinge oortuig kan word, sal dit heel stellig bloot 'n aanduiding wees dat hul vegtendes tyd nodig het om hul aanslae te herorganiseer of dat die ammunisiebote uit Rooi China vertraag is.

Die beroemde Amerikaanse genl. Patton het op 'n slag gesê: „Niemand begin 'n oorlog tensy jy dit wil klaarmaak nie.”

En enige openhartige poging tot samesprekinge moet noodgedwonge tot 'n ooreenkoms tussen die twee groepe lei. Of die terroriste egter vir so 'n skikking te vinde is, is in hierdie stadium hoogs twyfelagtig.



*'n Wit toiletgebou steek skerp teen die omgewing in 'n stat af.*

NOU 15 Augustus 1975 53



# „Ons het 'n taak om af te handel en die terroriste gaan ons nie daarvan weerhou nie'


deur AL VENTER en JOHN TUFFIN

*Die Rhodesiese Kleurling- en Indiër bevolking speel 'n sleutelrol in die oorlog teen terrorisme en so ook die deeltydse soldate. Boonop het die Departement van Binnelandse Sake 'n unieke program begin waarvolgens swart statte beskerm word*

REGS: Sers.-maj. Arthur Rudolph van die Kleurling-korps: „Ons gaan hierdie oorlog wen.“ (Foto: John Tuffin.)

REGS ONDER: Terwyl soldate van die Rhodesiese weermag besig is om landmyne te plant, beskerm Kleurlinge en Asiëse hulle. Hierdie bevolkingsgroep het in sy eerste jaar reeds waardevolle werk verrig. (Foto: John Tuffin.)

ONDER: Lede van die gedugte Police Anti Terrorist Unit (PATU) gaan op patrollie uit. Lede van hierdie eenheid bestaan uit prokureurs, ketelmakers, sweisers, klerke en diëskulke. (Foto: Al J. Venter.)



Die boswêreld rondom die kamp is in 'n onheilspellende stilte gehul. Enkele van die sowat vyftig man lê afgewag wakker, geweer in die hand, terwyl die res hulle gewillig aan die slaap oorgee.

Ek kyk nog 'n slag na die glimwysers van my horlosie. Tien minute oor twaalf en steeds geen bedreiging nie. Miskien sal dit 'n stil nag wees. Skielik ruk 'n veraf plofslag die kamp uit sy rus. Die slapendes spring soos een man op. Een of twee noodligte word aangeskakel. Die kampoffisier is reeds voor die radio en gesels kortaf met die naaste waarnemingspos. Nee net die ontploffing... geen teken van opvolg-aksie nie. 'n Minuut of twee tik verby voordat die donker gestaltes na hul tente terugstap. Dan sak die bosstille weer oor die Oscar-basis toe.

Tien dagbreek beweeg die eerste patrollie stilweg uit die kamp op soek na die bron van die middernagtelike steurnis. 'n Halfuur later kom die boodskap oor die radio. Landmyn. Ongeveer twee kilometer van die kamp. In 'n westelike rigting. Ja, die gat in die middel van die pad dui daarop dat dit 'n groot

landmyn was. Geen beskadigde voertuig in die omgewing nie. Seker maar weer een van dié wat vanself ontplof het. 'n Rukkie later volg die tweede verslag. Twee terroriste ongeveer 100 tree verder aan aangetref. Albei erg vermink.

Skaars twintig minute later klim ek saam met polisie-superintendent Alan MacIsaac uit die jeep en stap na die gat wat deur die landmyn veroorsaak is. 'n Helikopter het reeds neergestryk en 'n wapenspesialis is besig om die oorblyfsels te bestudeer - twee lyke, stukkie en brokkies van 'n Kalasjnikof-geweer, flentertjies seildoek wat eens 'n bandelier was en snippertjies karton met Chinese skrif daarop.

MacIsaac wys na die karton. „Die myn was ongetwyfeld versterk, want dié karton is deel van 'n plofstofomhulsel. Indien hy getref het, sou die skade aansienlik wees.“

Ook maar gelukkig, dink ek verlig, want ons sou hoeka later vanoggend met dié pad langs gery het na 'n nabygeleë boswinkel wat die vorige dag deur terroriste aan die brand gestee is.

Eers die tweede dag na die ontploffing is genoegsame inligting beskikbaar om 'n gevolgtrekking te maak. 'n







se gevegeenheide betrek word nie — alle gewillige mannekrag word ingespan en daarom speel Kleurlinge en Asiate net so 'n vernane rol in die beveiliging van hul medeburgers.

Pas verlede jaar is sowat 300 van hulle — vrywilligers en dienspligtiges — in twee beskermingsgroepe opgeneem en sedertdien het hulle reeds hul waarde herhaaldelik bewys.

Hul belangrikste taak is om die waardevolle masjinerie en werkspanne wat besig is om Rhodesië se sandpaaie te omskep in teerpaaië wat teen landmyne bestand is, dag en nag te beskerm. 'n Amptenaar het onlangs erken: „Sonder dié manne se waaksaamheid sal ons werkprogram heeltemal in die wiele gery word, want ons sal gedurig 'n oog op die terroriste moet hou. Nou kan ons minstens volstaan sonder dié bedreiging aan die gang bly.”

Naas die beskerming van die belangrike paaie kan die Nommer Twee-groep ook daarop aanspraak dat hulle tot dusver die meeste nuut geplante landmyne opgespoor en skadeloos gestel het. Hulle is voortdurend besig om die paaienewerk te patrolleer en het al byna 'n soort instinkmatige aanvoeling ontwikkel om versteekte plofstowwe uit te snuffel.

Benewens die opspoor van myne het dié beskermingsgroepe al meermale 'n skermutseling met terroriste op die lyf geloop, maar tot dusver nog elke keer die vyand oorrompel. Hul teenwoordigheid sorg ook natuurlik dat dié soort aanvalle al hoe meer afneem en die terroriste tans wye draaie om die aanboupaaië loop.

Hul hoofkwartier is op 'n heweltjie oorkant die Ruyarivier geleë waar kap. Henry Puren, die enigste blanke, in bevel is.

Hy sê: „Ons maak dit deesdae al hoe moeiliker vir dié terroriste om toe te slaan. Voorheen sou 'n onbeskermd brandstofstasie die ideale skryf vir terroriste wees, maar met 'n paar van my manne as gewapende geleide raak dié terroriste al hoe huieriger om aan te val. Hulle weet dat my manne oorgehaal sit om onder hulle los te brand.”

Dié toegewyde manne is ten volle bewus van hul uiters belangrike aandeel in die beveiliging van die land en nie min trots op die nuwe taak wat aan hulle opgedra is nie. Arthur Rudolph, 22-jarige sersant-majoor wat hom reeds vier jaar gelede as vrywilliger aangesluit het, sê: „Dit is by ons almal 'n saak van verantwoordelikheid. Wat ek hier doen, is in belang van alle

Rhodesiërs, want elkeen het 'n taak om te verrig. Ons sal beslis hierdie oorlog wen. Die terroriste maak daarop aanspraak dat hulle die swartmense wil bevry, maar al wat hulle werklik doen, is om vrees en paniek onder hulle te saai. Dis 'n bose kringloop en ons sal kort voor lank 'n einde daaraan maak.”

Elke lid van die groep dra dieselfde oortuiging in hom om en elkeen sit net oorgehaal vir die dag dat hulle as volwaardige gevegskorps opgeneem sal word. 'n Jong soldaat het bygevoeg: „Die terroriste is net 'n spul lafaards. Hulle plant hul landmyne in die middel van die nag en verdwyn dan so vinnig as wat hulle kan. Ek brand om op 'n gevegsfront teen hulle te staan te kom.”

**D**IT is juis met die oog op die voorgenoemde paniek en vrees onder die swart inwoners van Rhodesië dat die Departement van Binnelandse Sake met 'n splinternuwe inligtings- en beskermingsprogram in die sentrale en noord-oostelike dele van die gevegsgebied begin het. Sels in vrededstyd was dit 'n haas onbegonne taak om na wense na die administratiewe belange van die meer as 160 000 swartmense in die Mount Darwin-gebied om te sien en te midde van die steeds toenemende terroriste-inspeeling onder dié weerlose en oningelike inwoners het die departement opnuut besef watter gewelddige opheffingstaak op hrm wag.

Soos Mao Tse-toeng tereg voorspel het, moes sulke primitiewe mense die skyf van die terroriste-aanvalle word sodat hul paniek en vrees tot groter ontwriging van die regering se beleidsprogramme kan lei.

Besiel met dié nuwe taak van opvoerder en beskermder het die departement hom met mening in die stryd gewerp en danksy ekstra mannekrag, 'n gemotiveerde anti-terroriste-veldtog en oordeelkundige besluite wil dit al hoe meer lyk of die Darwin-kantoor besig is om die stryd te wen.

Net soos die Portugese voor hulle besef die Rhodesiërs al hoe meer dat die wyd verspreide statte van onskatbare waarde vir die terroriste is. Waar hulle ook al toeslaan, is die hoofman en sy klompie onderdanige beswaarlík toegerus om teenstand te bied — dus is hulle genoodsaak om elke wens en opdrag van die terroriste te gehoorsaam, of indien hulle teenstand bied, 'n summier dood te sterf.

In sy veldtog om dié mense van die terroriste te skei, het

NOU 15 Augustus 1975 57

## DIE MEESTE SWARTES WIL NET IN VREDE LEEF

Terroristebende was stellig in die omgewing van die Oscar-basis en het besluit om hul aanwesigheid bekend te maak. Die landmyn was eintlik vir veiligheidsvoertuie bedoel wat dikwels van dié stuk pad gebruik maak. Die myn is of verkeerd geplant omdat hulle onervare was of die ekstra plofstof was al te oud en defektief.

Na aanleiding hiervan sê MacIsaac: „Dis natuurlik nie die eerste keer dat so iets gebeur nie. Daar was al baie gevalle waar myne of bykomende plofstowwe voor die tyd of vanself ontplof het — tot ons voordeel natuurlik. Miskien is dit omdat die terroriste Chinese toerusting gebruik wat gewoonlik maar taamlik onbetroubaar is of miskien is die materiaal te lank opgeberg. In Vietnam het die Vietkong dieselfde probleme ondervind.”

**G**EDURENDE die loop van die dag word nog vier berigte van terroristewaarnemings oor die kampradio oorgedra. Weens die opvolging van twee van dié berigte word

'n groep van agt terroriste twee dae later omsingel en van kant gemaak.

Hoewel die Oscar-basis slegs 80 km van Salisbury ten noorde van die Nyamapandapad na Tete geleë is, is die manskappe daar net so bedrywig en slag gereed soos dié by enige ander kamp. Daar is egter een verskil — hulle is almal vrywilligers en lede van die gedugte Police Anti Terrorist Unit.

Die lede van PATU kom uit alle lae van die samelewing en onder hulle het ek kennis gemaak met boere, 'n advokaat, prokureurs, 'n tekenaar, drie loodgieters, twee werktuigkundiges en 'n radio-omroeper. Hulle dra almal die kenmerkende olyfgroen kamoefleeruniform van die Rhodesiese veiligheidsmagte, maar op hul epoulette pryk die trotse luiperdspoor-kentekens van hul eenheid met die woord PATU daarnaas.

„Wat is dan nou eintlik die doel van 'n afsonderlike eenheid soos PATU?” vra ek. „Kan die manne hulle dan nie maar liewer by een van die gewone reservistestagte

aansluit nie?”

„Miskien is die rede vir ons eiesoortige bestaan omdat ons almal 'n klomp individualiste is,” antwoord die superintendent. „Die enigste probleem is dat die meeste al aan die verkeerde kant van dertig is, hoewel daar darem so 'n paar van agttien en selfs een of twee van oor die vyftig is. Een ding het ons egter gemeen en dit is om ons regmatige aandeel in hierdie land te beskerm en vir die nageslag te bewaar.”

Net soos alle ander manskappe gaan hulle gereeld twee-twee op patrollie uit en bly maklik van agt tot twaalf dae in die verkenninggebiede met 'n draagbare twee-tingradig as enigste verbinding met die buitewêreld. Voorts is al die patrollies van vyf man ten volle selfonderhoudend en moet hulle hul hele kosvoorraad self saamdra. Hulle bestaan gewoonlik uit vier blankes en een swart reservist. Lede van 'n besondere eenheid word almal dieselfde tyd en gewoonlik uit dieselfde dorp of distrik opgeroep.

Nog 'n kenmerk van PATU

is dat die lede hulle van vier tot ses keer per jaar vrywillig vir diens aanmeld en gewoonlik twee weke lank bosdiens doen. Larry Farren, 'n voormalige Suid-Afrikaanse amateurbokskampioen, sê: „Ons verkies dit so, want dit wissel die andersins roetinebestaan op bevredigende wyse af. Ons diensplig is natuurlik nie sonder opwinding nie — ons word gereeld deur olifante bestorm of deur muskiete aangeval — kortom daar is geen gebrek aan afleiding nie behalwe natuurlik met meisies!”

**D**IE eenheid het al groot welslae behaal. Verlede jaar nog het 'n patrollie van vyf man 'n groep terroriste in die Centenary- en Chewish-gebiede ten noorde van Mount Darwin opgespoor. Dié groep was nagenoeg drie keer hul sterkte, maar dit het hulle geensins afskrik om met hul agtervolging vol te hou nie. Na 'n rukkie het hulle egter die terroristespoor kwyt geraak en kort daarna besef dat hulle in der waarheid deur die terroriste omsingel word.

Rhodesië se beskermde dorpie huisves tot 2 000 mense. Hierdie inwoners het almal voor die gevaar van terrorisme gevlug. (Foto: John Tuffin.)

Die distrikskommissaris, mnr. Jim Lathan, gesels met 'n hek wag by die ingang na een van die beskermde dorpie. Hierdie dorpie is deur die Departement van Binnelandse Sake in die lewe geroep. (Foto: Jon Tuffin.)

Ondanks hul lewensgevaarlike posisie het die aanvoerder hulle beveel om op 'n oop kol stelling in te neem en solank 'n oop tee aan te slaan terwyl hy intussen per radio hulp van die basiskamp ontbied het. Die vyf het in die oop kol gebly tot versterkings die hele gebied omsingel het. In die daaropvolgende skermutselinge is verskeie terroriste doodloftig verwond en enkele gevange geneem. Al vyf lede het die Kommissaris van Polisie se eervolle vermelding ontvang wat die gesogte brons knuppel insluit.

PATU se hoofdoel is eintlik dié van verkenning, die insameling van patrolliefete en die verspreiding van inligting aan die stamlede in hul verkenninggebiede.

Superintendent MacIsaac sê: „'n Man het nog niks bereik deur net bloot opgelei en dan vir PATU-diens gekleur te word nie. Hy moet eers sy slag wys en in staat wees om in 'n bedrywige gebied diens te doen en resultate te lewer voordat hy sy kentekens ontvang. In teenstelling met ander

gevegeenheide is ons heeltemal op ons eie aangewys. Ons beskik oor ons eie vervoer en het ook geen spesiale kokke of voertuigbestuurders nie. Die manne doen alles self — daarom kan ons in minder as drie uur hierdie hele basis aftakel en na 'n ander staanplek verskuif. In 'n stadium het ons binne elf dae vyf keer van staanplek verander en in sommige gevalle was die afstand tot 300 km.”

Min mense is bewus daarvan dat PATU gereeld met soortgelyke eenhede van die Suid-Afrikaanse polisiemagte geskakel het toe laasgenoemde nog ten noorde van die Limpopo gestasioneer was. Lede van die Suid-Afrikaanse Polisie is ook gereeld in die Rhodesiese PATU-eenhede opgeneem. Van dié medevegters sê superintendent MacIsaac: „Hulle was 'n gave klomp. In die begin het hulle nie juis veel kennis van dié soort oorlogvoering gehad nie, maar na 'n paar maande was hulle ons hier en daar voor. Ons is werklik spyt dat hulle moes terugtrek.”

In teenstelling met toestand 'n jaar of wat gelede is dit deesdae nie net blanke vrywilligers en die enkele swartman wat in Rhodesië





## DIE MEESTE SWARTES WIL NET IN VREDE LEEF

Terroristebende was stellig in 'n groep van aat terroriste twee aansluit nie? "

*Rhodesië se beskermde dorpies huisves tot 2 000 mense. Hierdie inwoners het almal voor die gevaar van terrorisme gevlug. (Foto: John Tuffin.)*

is dat die lede bulle van vier tot



*Die distrikskommissaris, mnr. Jim Lathan, gesels met 'n hekswag by die ingang na een van die beskermde dorpies. Hierdie dorpies is deur die Departement van Binne-landse Sake in die lewe geroep. (Foto: Jon Tuffin.)*

gevegseenhede is ons heeltemal op ons eie aangewys. Ons beskik oor ons eie vervoer en het ook geen spesiale kokke of voertuigbestuurders nie. Die manne doen alles self — daarom kan ons in minder as drie uur hierdie hele basis





## DIE MEESTE SWARTES WIL NET IN VREDE LEEF

Terroristebende was stellig in die omgewing van die Oscar-basis en het besluit om hul aanwesigheid bekend te maak. Die landmyne was eintlik vir veiligheidsvoertuie bedoel wat dikwels van dié stuk pad gebruik maak. Die myn is of verkeerd geplant omdat hulle onervare was of die ekstra plofstof was al te oud en defektief.

Na aanleiding hiervan sê Maclsaac: „Dis natuurlik nie die eerste keer dat so iets gebeur nie. Daar was al baie gevalle waar myne of bykomende plofstowwe voor die tyd of vanself ontplof het — tot ons voordeel natuurlik. Miskien is dit omdat die terroriste Chinese toerusting gebruik wat gewoonlik maar taamlik onbetroubaar is of miskien is die materiaal te lank opgeberg. In Vietnam het die Viëtkong dieselfde probleme ondervind.”

**G**EDURENDE die loop van die dag word nog vier berigte van terroristewaarnemings oor die kampradio oorgedra. Weens die opvolging van twee van dié berigte word

‘n groep van agt terroriste twee dae later omsingel en van kant gemaak.

Hoewel die Oscar-basis slegs 80 km van Salisbury ten noorde van die Nyamapandapad na Tete geleë is, is die manskappe daar net so bedrywig en slag gereed soos dié by enige ander kamp. Daar is egter een verskil — hulle is almal vrywilligers en lede van die gedugte Police Anti Terrorist Unit.

Die lede van PATU kom uit alle lae van die samelewing en onder hulle het ek kennis gemaak met boere, ‘n advokaat, prokureurs, ‘n tekenaar, drie loodgieters, twee werktuigkundiges en ‘n radio-omroeper. Hulle dra almal die kenmerkende olyfgroen kamoeleeruniform van die Rhodesiese veiligheidsmagte, maar op hul epoulette pryk die trotse luperdspoorkeenteken van hul eenheid met die woord PATU daarnaas.

„Wat is dan nou eintlik die doel van ‘n afsonderlike eenheid soos PATU?” vra ek. „Kan die manne hulle dan nie maar liefder by een van die gewone reservisteamagte

aansluit nie?”

„Miskien is die rede vir ons eiesoortige bestaan omdat ons almal ‘n klomp individualiste is,” antwoord die superintendent. „Die enigste probleem is dat die meeste al aan die verkeerde kant van dertig is, hoewel daar darem so ‘n paar van agttien en selfs een of twee van oor die vyftig is. Een ding het ons egter gemeen en dit is om ons reëmatige aandeel in hierdie land te beskerm en vir die nageslag te bewaar.”

Net soos alle ander manskappe gaan hulle gereeld twee-twee op patrollie uit en bly maklik van agt tot twaalf dae in die verkenninggebiede met ‘n draagbare tweekringradio as enigste verbinding met die buitewêreld. Voorts is al die patrollies van vyf man ten volle selfonderhoudend en moet hulle hul hele kosvoorraad self saamdra. Hulle bestaan gewoonlik uit vier blankes en een swart reservis. Lede van ‘n besondere eenheid word almal dieselfde tyd en gewoonlik uit dieselfde dorp of distrik opgeroep.

Nog ‘n kenmerk van PATU

Rhodesië se beskermde dorpie huisves tot 2 000 mense. Hierdie inwoners het almal voor die gevaar van terrorisme gevlug. (Foto: John Tuffin.)

is dat die lede hulle van vier tot ses keer per jaar vrywillig vir diens aanmeld en gewoonlik twee weke lank bosdiens doen. Larry Farren, ‘n voormalige Suid-Afrikaanse amateurbokskampioen, sê: „Ons verkies dit so, want dit wissel die andersins roetinebestaan op bevreëdigende wyse af. Ons diensplig is natuurlik nie sonder opwinding nie — ons word gereeld deur olifante bestorm of deur muskiete aangeval — kortom daar is geen gebrek aan afleiding nie behalwe natuurlik met meisies!”

**D**IE eenheid het al groot welslae behaal. Verlede jaar nog het ‘n patrollie van vyf man ‘n groep terroriste in die Centenary- en Chewishi-gebiede ten noorde van Mount Darwin opgespoor. Dié groep was nagenoeg drie keer hul sterkte, maar dit het hulle geensins afgeskrik om met hul agtervolging vol te hou nie. Na ‘n rukkie het hulle egter die terroristespoor kwyt geraak en kort daarna besef dat hulle in der waarheid deur die terroriste omsingel word.



Die distrikskommissaris, mnr. Jim Lathan, gesels met ‘n hekweg by die ingang na een van die beskermde dorpie. Hierdie dorpie is deur die Departement van Binnelandse Sake in die lewe geroep. (Foto: Jon Tuffin.)

Ondanks hul lewensgevaarlike posisie het die aanvoerder hulle beveel om op ‘n oop kol stelling in te neem en solank ‘n oop kol te slaan terwyl hy intussen per radio hulp van die basiskamp ontbied het. Die vyf het in die oop kol gebly tot versterkings die hele gebied omsingel het. In die daaropvolgende skermutseling is verskeie terroriste doodloftig verwond en enkele gevange geneem. Al vyf lede het die Kommissaris van Polisie se eervolle vermelding ontvang wat die gesogte brons knuppel insluit.

PATU se hoofdoel is eintlik dié van verkenning, die insameling van patrolliefeite en die verspreiding van inligting aan die stamlede in hul verkenninggebiede.

Superintendent Maclsaac sê: „‘n Man het nog niks bereik deur net bloot opgelei en dan vir PATU-diens gekeur te word nie. Hy moet eers sy slag wys en in staat wees om in ‘n bedrywige gebied diens te doen en resultate te lewer voordat hy sy kenteken ontvang. In teenstelling met ander

gevegeenseenhede is ons heeltemal op ons eie aangewys. Ons beskik oor ons eie vervoer en het ook geen spesiale kokke of voertuigbestuurders nie. Die manne doen alles self — daarom kan ons in minder as drie uur hierdie hele basis aftakel en na ‘n ander staanplek verskuif. In ‘n stadium het ons binne elf dae vyf keer van staanplek verander en in sommige gevalle was die afstand tot 300 km.”

Min mense is bewus daarvan dat PATU gereeld met soortgelyke eenhede van die Suid-Afrikaanse polisiemagte geskakel het toe laasgenoemde nog ten noorde van die Limpopo gestasioneer was. Lede van die Suid-Afrikaanse Polisie is ook gereeld in die Rhodesiese PATU-eenhede opgeneem. Van dié medevegters sê superintendent Maclsaac: „Hulle was ‘n gawe klomp. In die begin het hulle nie juis veel kennis van dié soort oorlogvoering gehad nie, maar na ‘n paar maande was hulle ons hier en daar voor. Ons is werklik spyt dat hulle moes terugtrek.”

**I**N teenstelling met toestand ‘n jaar of wat gelede is dit deesdae nie net blankes vrywilligers en die enkele swartman wat in Rhodesië

se gevegeensehede betrek word nie — alle gewillige mannekrag word ingespan en daarom speel Kleurlinge en Asiëse net so ‘n vernane rol in die beveiliging van hul medeburgers.

Pas verlede jaar is sowat 300 van hulle — vrywilligers en dienspligtiges — in twee beskermingsgroepe opgeneem en sedertdien het hulle reeds hul waarde herhaaldelik bewys. Hul belangrikste taak is om die waardevolle masjinerie en werkspanne wat besig is om Rhodesië se sandpaaie te omskep in teerpaas wat teen landmyne bestand is, dag en nag te beskerm. ‘n Amptenaar het onlangs erken: „Sonder dié manne se waaksaamheid sal ons werkprogram heeltemal in die wiele gery word, want ons sal gedurig ‘n oog op die terroriste moet hou. Nou kan ons minstens volstoom en sonder dié bedreiging aan die gang bly.”

Naas die beskerming van die belangrike paaie kan die Nommer Twee-groep ook daarop aanspraak dat hulle tot dusver die meeste nuut geplante landmyne opgespoor en skadeloos gestel het. Hulle is voortdurend besig om die paaientruweke te patroleer en het al byna ‘n soort instinkmatige aanvoeling ontwikkel om versteekte plofstowwe uit te snuffel.

Benewens die opspoor van myne het dié beskermingsgroepe al meermale ‘n skermutseling met terroriste op die lyf geloop, maar tot dusver nog elke keer die vyand oorrampel. Hul teenwoordigheid sorg ook natuurlik dat dié soort aanvalle al hoe meer afneem en die terroriste tans wye draaie om die aanboupaas loop.

Hul hoofkwartier is op ‘n heuweltjie oorkant die Ruyarivier geleë waar kapt. Henry Puren, die enigste blanke, in bevel is.

Hy sê: „Ons maak dit deesdae al hoe moeiliker vir die terroriste om toe te slaan. Voorheen sou ‘n onbeskermde brandstoftenkwa die ideale skryf vir terroriste wees, maar met ‘n paar van my manne as gewapende geleide raak die terroriste al hoe huieriger om aan te val. Hulle weet dat my manne oorgehaal sit om onder hulle los te brand.”

Dié toegewyde manne is ten volle bewus van hul uiters belangrike aandeel in die beveiliging van die land en nie min trots op die nuwe taak wat aan hulle opgedra is nie. Arthur Rudolph, 22-jarige sersant-majoor wat hom reeds vier jaar gelede as vrywilliger aansluit het, sê: „Dit is by ons almal ‘n saak van verantwoordelikheid. Wat ek hier doen, is in belang van alle

Rhodesiërs, want elkeen het ‘n taak om te verrig. Ons sal beslis hierdie oorlog wen. Die terroriste maak daarop aanspraak dat hulle die swartmense wil bevry, maar al wat hulle werklik doen, is om vrees en paniek onder hulle te saai. Dis ‘n bose kringloop en ons sal kort voor lank ‘n einde daaraan maak.”

Elke lid van die groep dra dieselfde oortuiging in hom om en elkeen sit net oorgehaal vir die dag dat hulle as volwaardige gevegskorps opgeneem sal word. ‘n Jong soldaat het bygevoeg: „Die terroriste is net ‘n spul lafaards. Hulle plant hul landmyne in die middel van die nag en verdwyn dan so vinnig as wat hulle kan. Ek brand om op ‘n gevegsfront teen hulle te staan te kom.”

**D**IT is juis met die oog op die voorgenoemde paniek en vrees onder die swart inwoners van Rhodesië dat die Departement van Binnelandse Sake met ‘n splinternuwe inligtings- en beskermingsprogram in die sentrale en noordoostelike dele van die gevegsgebied begin het. Selfs in vredes tyd was dit ‘n haas onbegonne taak om na wense na die administratiewe belange van die meer as 160 000 swartmense in die Mount Darwin-gebied om te sien en te midde van die steeds toenemende terroriste-insydeling onder dié weerlose en oningeligte inwoners het die departement opnuut besef watter gewelddige opheffingstaak op hóm wag.

Soos Mao Tse-toeng tereg voorspel het, moes sulke primitiewe mense die skyf van die terroriste-aanvalle word sodat hul paniek en vrees tot groter ontwrigting van die regering se beleidsprogramme kan lei.

Besiel met dié nuwe taak van opvoerder en beskermder het die departement hom met mening in die stryd gewerp en danksy ekstra mannekrag, ‘n gemotiveerde anti-terroristeveldtog en oordeelkundige besluite wil dit al hoe meer lyk of die Darwin-kantoor besig is om die stryd te wen.

Net soos die Portugese voor hulle besef die Rhodesiërs al hoe meer dat die wyd verspreide statte van onskatbare waarde vir die terroriste is. Waar hulle ook al toeslaan, is die hoofman en sy klompie onderdane beswaarlik toegerus om teenstand te bied — dus is hulle genoodsaak om elke wens en opdrag van die terroriste te gehoorsaam, of indien hulle teenstand bied, ‘n summier dood te sterf.

In sy veldtog om dié mense van die terroriste te skei, het



# SOMMIGE 18 JAAR OUD, ANDER 50. MAAR ALMAL VEG OM DIE BEHOUD VAN RHODESIË

die distrikskommissaris, mnr. Jim Latham, vier belangrike stappe gedoen. In die eerste plaas het hy groot getalle swart distriksassistenten as paramilitêre dienswagte teen terroriste opgelei en van wapens voorsien. Dié manne is na hul opleiding na die mees afgeleë stante gestuur om daar met die geweldige opvoedings- en beskermingstaak te help. As beskermingsmaatreel teen die herhaalde terroriste-aanvalle is hulle in groepe van pelotonsterkte opgedeel onder aanvoering van blanke offisiere

en in forte gehuisves.

Ten einde hul taak te vergemaklik en soveel inwoners moontlik by dié beskermingsveldtog te betrek, is die wyd verspreide stamlede in sentrale, beskernde dorpie saamgetrek. Hierdie dorpie wat elk nagenoeg 2 000 mense huisves, is soortgelyk aan dié wat die Portugese in Mosambiek tot stand gebring het. Die hoofdoel daarvan is om kommunikasie tussen die terroriste en verspreide inwoners tot 'n minimum te beperk.

Die forte is gewoonlik binne-in die beskernde dorpie geleë. Mnr. Latham sê: „Die forte en beskernde dorpie is gebou omdat ons vasberade is om ons administratiewe invloed tot elke prys in die oorlogsgebied te handhaaf. Die belangrikste funksie daarvan — as paramilitêre subkantore — is dat dit ons geleentheid bied om steeds ons taak van kommunikasie met die stamlede in die omgewing uit te bou.

„Voorheen het baie van die

Kleurlinge en Asië dra 'n belangrike deel by om terrorisme in Rhodesië te beveg. Dit is die eerste keer dat die volksgroepe aktief aan die stryd deelneem. (Foto: John Tuffin.)

Die beskermingseenheid se gelukbringer, Shumba, saam met sy vele base. Hier verlaat hulle die kamp op pad na hul onderskeie pligte. (Foto: John Tuffin.)



inwoners nooit met 'n beamppte te doen gekry nie. Hulle is dikwels deur terroriste gekonfronteer lank voordat ons met hulle in verbinding kon tree, maar danksy die forte is hierdie toestand vinnig besig om te verander, want ons lê ons daarop toe om elke stat minstens een keer per week te besoek. Op dié manier kry ons nie net waardevolle inligting omtrent inspelende terroriste in die hande nie, maar kan ons ook ons eie bydrae van beskerming aan die inwoners tuisbring.

„Sedert die instelling van die forte en die patrolliediens in die dorpie is ons manne gereeld deur terroriste aangeval, maar ons kon minstens terugveg en terselfdertyd die inwoners daarvan oortuig dat ons besig is om hulle te beskerm. Dit is per slot van rekening baie belangrik dat die plaaslike inwoners sien wat ons van hulle verwag om te glo, naamlik dat ons die oorlog met hul hulp en lojaliteit kan wen.

Die beskernde dorpie is uitsluitend om militêre en psigologiese redes gebou. Dit is 'n onbetwisbare feit dat die meeste swartmense bloot in die vreedsame en onbedreigde toestande wil leef waaraan hulle gewoon is en daarom steur hulle hulle bloedweinig aan die beloftes van die terroriste. Hoewel hulle die terroriste haat, verleen hulle steeds hul volle samewerking aan dié uitbuiters omdat hulle bang is dat hulle doodgeskiet sal word.

Mnr. Latham sê: „Wanneer 'n terroris by 'n stat aankom en kos vra, word dit gewoonlik dadelik oorhandig of anders trek hy op die inwoners los. Ofskoon hulle hom haat — en baie doen dit — het hy steeds die hef in die hande. Die hoofsaak van die beskernde dorpie is dan ook om die inwoners te beskerm, op te voed en om hulle van die terroriste te weerhou.

Die eerste beskernde dorpie is in Oktober 1973 in die Mukumbura-vallei, skaars 'n kilometer van die Rhodesiese/Mosambiekse grenspos af, opgerig. Dit is gebou om dertien gesinne van die oostelike en westelike oewers van die Mukumbura-rivier te huisves en hulle is binne twaalf uur almal in die dorpie saamgetrek. Hoewel dit onmoontlik was om hul ooste ook te vervoer, kon die inwoners al hul besittings asook die dekriet en pale van hul vorige huise saambring.

Vandag huisves Mukumbura nr. 1 nagenoeg 2 000 inwoners wat heeltemal vreedsaam agter dié jakalsdraadomheining bestaan. Voorsien van die

NOU 15 Augustus 1975 59





nodige dokumente staan dit hulle vry om buite die grense van die dorpie te beweeg, hoewel hulle nie in die ontruimde gebiede waar die oorlog tans gevoer word, toegelaat word nie. Die dorpie is voorsien van kraanwater en spoelsanitasie, mediese geriewe, 'n skool en gemeenskapsaal en beskik ook oor sy eie boerdery.

Terwyl 'n nog groter gebied tans ontbos word om die boerderybedrywighede uit te brei, word die inwoners, waar nodig, van voedsel voorsien. Boonop is 'n polisiemag uit die gelede van die inwoners self gekies en deur die distriksoffisier opgelei. Hierdie manne wat gewapen is, sorg vir

'n onafgebroke diens van 24 uur by die ingangshekke.

Tydens *NOU* se besoek aan die dorpie was die inwoners in 'n besonder gemoedelike stemming. Trotse vroue het hul tamatie-oeste uitgestal terwyl seuns van die boerderyklub spoggerig van hul mielie-opbrengste en tarentaal en hoenderboerdery vertel het.

Mnr. Latham sê: „Dit het ons jare gekos om die nodige vertroue by dié mense in te boesem, maar hulle besef nou al hoe meer dat hulle self kan help om die terroriste aan die kaak te stel. Hulle is vinning besig om eie verantwoordelikheid te aanvaar en uit te oefen.”

**S**OOS verwag kan word, is daar ook 'n paar ongelukkiges in dié dorpie wat eerder sou verkies om na hul statte terug te keer, maar hulle is gelukkig in die minderheid. In teenstelling hiermee is daar duisende in die onomheinde statte wat maar al te graag in so 'n beskutte dorpie opgeneem wil word. 'n Stamhoof wat onlangs in sy eie onbeskermd stat verplig was om 'n groep terroriste van kos te voorsien voordat hulle deur 'n eenheid van die veiligheidsmagte oorrumpel is, het na die voorval gesoebaat om in 'n beskermd dorpie opgeneem te word.

*INLASFOTO: Lede van PATU besig om beseerde burgerlikes na die militêre hospitaal by Mount Darwin te bring. (Foto: Al J. Venter.)*

*LINKS ONDER: Elke familie in die beskermd dorpie ontvang 'n stukkie grond binne die omheining wat bewerk kan word. (Foto: John Tuffin.)*

## „EK WIL HELP OM DIE TERRORISTE TE VERDRYF”

*ONDER: Die beskermingseenheid het nou al gewoon geraak aan skuilgate en die harde lewe in die boswêreld. (Foto: John Tuffin.)*

In die onomheinde gebiede staan die forte soos groot miershope tussen die digte bosse. Elkeen dien as basis vir 24 swart distrikssassistenten en een of twee blankes wat in bevel is. Hoewel die meeste skaars twintig jaar oud is, is dié blanke bevelvoerders 'n hoogs verantwoordelike taak opgelê. Hulle is nou wel nie soldate nie, maar moet nogtans hul eenhede en omliggende gebiede te alle tye verdedig — iets wat nogal dikwels gebeur.

Die terroriste is natuurlik ontstoke oor dié forte en hul gewapende bewakers en daarom word 'n fort soos dié by Nembire gereeld onder handgranaat en kleingeweer-

vuur gestee. Benewens dié aanvalle het sommige fort-eenhede al dikwels in 'n lokval beland of op 'n mynbesaaië pad in hul gebied beland, maar gelukkig kon hulle nog elke keer ongedeerd daarvan afkom.

Die 18-jarige Colin Bird, bevelvoerder van Nembire, sê: „Ons het 'n taak om af te handel en die terroriste gaan ons beslis nie daarvan weerhou nie. Natuurlik is ons maar skrikkerig as hulle toeslaan — veral oor die lokvalle en landmyne — maar as 'n mens jou eers aan dié soort kwellinge oorgee, kan jy maar net sowel huis toe gaan.”

Die grootste doring in die

terroriste se vlees is die swart assistente wat aan die regering se kant staan. Een van hulle, 'n getroude man met vier kinders, sê: „Die terroriste het ons lankal vertel dat hulle die uiteindelijke leiers sal wees, maar tot dusver het daar nog niks goeds van hul beloftes gekom nie. Al waarin ons belang stel, is 'n rustige, vreedsame bestaan en voordat hulle hier toegeslaan het, kon ons dit doen, maar nou is hulle besig om my eie mense te martel en uit te moor. Ek wil help om hulle te verdrif tot hulle padgee. Ek het dit tevore al gedoen en is steeds nie bang vir hulle nie. Ek sal hier by Nembire bly.”





# LOKVAL VIR 'N TERRORIS

Om 'n terroris in die wildernis te verras, verg meer geluk as wysheid. En as 'n patrollie so na die spreekwoordelike naald in die hooimied soek, kan die gevaarlikste situasie soms 'n oomblik van humor oplewer

deur PAUL C. VENTER

**S**ONONDER is op die kop 18h00.

'n Helikopterwind waai dekgras oop, die vlieënier tik my op die skouer en ek spring uit om koes-koes na die naaste ruigte te hardloop.

Hier wag 'n bruin gebrande kèrel wat al drie dae in die Rhodesiese bos is; jy kan dit aan sy lang hare, baardstoppels en smerige hande sien. Hy lyk soos 'n hippie uit Hillbrow wat èrens 'n uniform in die hande gekry, die kamoefleerbaadjie se moue afgesny, die kort broek se pype uitgerafel en sy stewels vir gemaklike, swart seilskoene verruil het.

„Die man wat 'n baard probeer kweek?” glimlag die soldaat.

„Dis hom.”

Ek weet die basis op Mount Darwin het die patrollie per radio van my koms verwittig en ek besef die noodsaaklikheid om kode te gebruik, maar hulle kon tog sekerlik 'n beter kodenam vir my gekies het.


Die helikopter rumoer weg en ons stap dieper in die skemerdonker woud in waar drie gestaltes onverwags uit hul skuilplekke in die dakhoe gras opdoem.

Niemand dra rangtekens nie, maar 'n kort, breedgeskouerde man stel homself saggies as kpl. Boet Smith bekend. 'n Sendontvanger, met die langste lugdraad wat ek nog aan so 'n draagbare radiostel gesien het, sit tussen sy skouers. Hy haak die spreekbuis af en prewel daarin.

„Twee en veertig roep Zero, oor.”

„Lees jou, Twee en veertig.” „Ons het die lyk gekry, dankie. Oor en uit.”

Hulle doen regtig moeite om my te beledig. Soos dit is, voel ek nes die predikant wat in 'n nudistekamp beland het. Die leerowerhede het daarop aangedring dat ek, persman of te nie, soos 'n soldaat moet lyk. Die terroriste se sluipskutters hou glo daarvan om iemand wat anders voorkom, om te klits. Maar ek weet nie so mooi of my kraaknuwe kamoefleerbaadjie,



spoggerige pet en blink oprygstewels 'n vermommings nie. En die glinsterende kamera om my nek voel kompleet soos 'n baken wat deur die dalende skemering skyn.

„Ons lokvalposisie is ses k's van hier af,” fluister kpl. Smith. „Bly agter my en bly stil.”

Ses kilometer is 'n ewigheids ver as jy oor rante en deur riviere moet voetslaan. Veral as jou metgeselle 'n drafstappie as 'n wandeling beskou.

En hulle beweeg in doodse stilte, want sononder is die gevaarlikste tyd van die dag. Dan kruip die vyand, soos vampiere, uit hul lêplekke. Die beeswagter wat vandag ewe onskuldig by jou verbygeloop het, sit sy sweep neer en gaan haal 'n Russiese snelgeweer uit 'n hol boomstam.

**E**K wil nie.

Die patrollie tou soos skimme deur 'n wildernis van mopanie, soetdoring en maroela, die

FN-gewere gereed. En ek wil nie.

Hulle sê dit help om jou asem op te hou. Die kamera rem aan my nek. Dit sal darem vir jou 'n ding wees as ek nou met die flits 'n foto neem. Die Browning voel soos lood teen my heup. En ek weet nie eens hoe om die pistool behoorlik te gebruik nie. Die FN is lomp in my hande. Nou dra ek die geweer oor die een skouer en dan weer in die waai van 'n elmboog — presies soos Charles Bronson dit in *Chato's Land* gedoen het.

'n Kraakgeluid!

Ek vergeet skoon van die kriewelende in my neus. Almal steek vas. Vyf voorvingers raak aan vyf snellers. Ons staan soos Lot se vrou in die donker.

„Mombi's,” snork iemand sag.

„Wat's dit?” wil ek weet.

„Dis Shona vir koeie,” verduidelik Boet Smith en klap sy tong twee keer.

Dit beteken voorwaarts.

Net voor 19h00 bereik ons die lokvalposisie, 'n klipperige ruigte langs 'n kronkelpaadjie. Volgens die manne van inligting is die terroriste baie bedrywig in hierdie omgewing en kan die patrollie aanraking met die vyand verwag.

Daar is geen sprake van was

of uittrek of rook nie. Jy kruip, skoene en al, in jou slaapsak en bly so roerloos moontlik lê, die geweer byderhand. Die spinnekoppe en reusemuskiets geniet dit natuurlik om so 'n magtelose slagoffer te kasty. 'n Slukkie water en suiglekkers word toegelaat. Moet net nie te hard suig nie.

Ek het nie geweet daar is soveel sterre in die lug en soveel klippe op die aarde nie. Elkeen kry 'n beurt om wag te hou.

So om en by 24h00, wat eintlik middernag is, word ek wakker. Die vrugbare grond van Rhodesie is beslis nie 'n verebed nie en die koue dring dwarsdeur die dik slaapsak.

Die wag is 'n skaduwee wat hurk.

Ek wonder wie dit is en waaraan hy nou dink. Om elke jaar van jou lewe twee maande lank so te leef, is nie 'n grap nie. Dalk het hy 'n vrou en kinders of 'n nooi wat wag.

**E**N terwyl ek sit en wonder of 'n Rhodesiese soldaat toegelaat word om lewensversekering uit te neem, klink 'n sagte, slinkse voeteval agter my in die droë gras op.

Ek kyk vinnig na die wag. Dit lyk asof hy sit en slaap. Ek haal skaars asem.

Sê nou net ...

My vingers sluit om die koue geweer. Ek stoot die slaapsak versigtig oop en klim uit. My oë is op die donker gras vasgeaël.

Terwyl ek voetjie vir voetjie vorentoe beweeg, flits 'n mengelmoes van gedagtes deur my. As ek vannag 'n terroris plattrek, gaan die tydskrif- en koerantbase oor mekaar val om 'n eksklusiewe vertelling van hierdie heuglike gebeurtenis in die hande te kry en dalk moet ek en my trofee vir 'n foto poseer, jy weet, soos 'n visser en sy vangst.

'n Geluid.

Ek gaan staan, diep bekommerd.

Kriekie lawaai en dit bemoeilik die situasie effens, want jy kan nie tussen al die nagklanke onderskei nie.

Voor my is dit stikdonker. En 'n deel van die duisternis beweeg.

Die FN druk teen my skouer vas en 'n dom vinger soek die veiligheidsknip. Daar is 'n eienaardige kalmte in my — daardie onverskillige gevoel wat net 'n jagter sal verstaan.

En dan, wanneer ek versigtig aanlê en die sneller streel, word 'n vraag in die donker gestel:

Moe ...

Ek glo eerlik waar nie 'n mombi was al ooit so na aan haar dood nie.

*Sonsondergang. Nou moet die boswêreld veral goed dopgehou word, want terroriste klim nou uit hul wegkruipplekke. Bedags tree baie terroriste soos gewone burgerlikes op, maar wanneer die son sak, word die klere vir 'n uniform verruil en word daar na Chinese en Russiese wapens gegryp. (Foto: Paul Venter.)*





# NES VAN DIE SPINNEKOP

Sedert die oorlog in Rhodesië se grensgebiede begin het, is die uitgestrekte Kandeya-trustgebied 'n toevlugsoord vir terroriste, maar die stamlede steun die insypelaars bloot om hul persoonlike ideale te verwesenlik

deur CHARLES NORMAN

**K**ANDEYA is 'n spinnekopnes. Sedert die terroriste drie jaar gelede met hul strooptogte in Rhodesië se noordelike grensgebiede begin het, het dié uitgestrekte trustgebied wat plek-plek aan Mosambiek grens en 80 000 swart stamlede huisves, die toevlugsoord van terroristeendes geword.

Hierheen vat hulle koers sodra die grens oorgesteek is en wanneer hul verraderlike sendings voltooi is, keer hulle terug na die vleispotte van Kandeya in beboste terrein wat 3 600 vk km beslaan, skuil voorlopig daar en maak van die geleentheid gebruik om jong stamlede te werf.

Hier kom en gaan hulle ongehinderd en geniet die steun van die plaaslike bevolking, want al eindig die trustgebied duskant die grens strek die bewoners se bande daarvoor heen tot in Mosambiek.

Tot vandag toe mor die stamlede oor die regering se aanstelling van 'n opperhoof in 1938 wat weinig byval gevind het.

Toe die ANC gedurende die laat vyftigerjare tot stand kom, was dit dus nie verbasend om 'n lid van die familie wat destyds op die opperhoofskap aanspraak gemaak het, in hul geleedere te vind nie.

Teen 1965 beland sy ondermynende bedrywighede hom in die pekel, maar toe die regerende opperhoof van die trustgebied in 1967 tot sterwe kom, dring die stamlede van Kandeya daarop aan dat die verbanne nasionalis as opperhoof aangewys word.

Die owerhede het nie op hierdie eis ag geslaan nie en 'n kleinneef van die gestorwe opperhoof is aangewys om sy plek in te neem en konflik het opnuut opgevlam.

Toe terroriste dus vroeg in 1972 die gebied begin



**INLASFOTO:** Hierdie swart inwoner is deur terroriste oorrompel en nadat hulle hom bewusteloos geslaan het, het hulle hom aan die brand gestek. Hy het egter ontkom en by die naaste polisiekantoor om hulp aangeklop. (Foto: John Tuffin.)

**ONDER:** Sers.-maj. Ruscheke Chirangu van die Rhodesian African Rifles gesels met swart inwoners van 'n afgesonderde stat. Hy probeer die gevare van terrorisme aan hulle verduidelik en versoek die inwoners om dadelik met die soldate in verbinding te tree wanneer hulle terroriste in die gebied gewaar. (Foto: Charles Norman.)

binnesypel, vind hulle talle gewillige ondersteuners onder die aanhangers van die verbanne nasionalis wat deur die regering as opperhoof oor die hoof gesien is en teen die einde van daardie jaar toe die terroriste op die grens saamdring en 'n grootskaalse inval beplan, is die mense van Kandeya reeds tot so 'n mate ondermyn dat die trustgebied vandag nog die enigste plek is waar die terroriste onvoorwaardelik op ondersteuning kan staatmaak.

Hulle het die grief teen die regering van Rhodesië in hulle rondgedra tot mnr. Jim Latham twee jaar gelede aangestel is as distrikskommissaris van die Mount

Darwin-gebied wat die Kandeya-trustgebied insluit.

Noukeurigheid het hy na al die griewe geluister, die saak deurtastend ondersoek en tot die gevolgtrekking geraak dat die stamlede 'n onreg in 1938 aangedoen is. Dadelik het hy die stamlede byeengebring, hulle van sy oortuigings vertel en 'n lid van die „opposisie” as opperhoof aangewys.


Dit het hom die afgesette opperhoof se toorn op die hals gehaal en dié begin toe met die terroriste heul.

Binne 'n maand is die distrikskommissaris se oortuigings om

die lewe gebring. Nou is Kandeya steeds 'n spinnekopnes.

Die terroriste maak gebruik van die stamlede wat in die gebied woonagtig is en op hul beurt wil die stamlede van die terroriste gebruik maak om hul persoonlike ideale te verwesenlik.

„Hierdie mense is doodgewone stamlede,” sê mnr. Latham. „Die kommunisme is vir hulle duister. Op die ou end sal hulle hul by die wenkant skaar. Binne die eerkomende jaar sal ek dit hopelik by hulle kan tuisbring dat terrorisme tot nadeel van al die burgers van Rhodesië is.”







*Aan ons grense  
is alles nog  
rustig, maar*

# DIE BOERE IS SLAGGEREED MET VUURWAPENS EN FORTE

artikel deur JOHAN POTGIETER en GHERHARD PIETERSE  
foto's deur GHERHARD PIETERSE



Langs die Limpopo is die Suid-Afrikaanse boere dit eens: val Rhodesië, is hul grond en hul lewens in gevaar. Langs die Mosambiekse grens is die boere ten volle slag gereed en ten volle voorbereid op enige gebeurlikheid

**LINKS BO:** Mnr. T. J. Basson van die plaas Hermansburg in die distrik Acoornhoek is 'n man wat daaraan glo om op enige gebeurlikheid voorbereid te wees. Na meer as 'n jaar se harde werk nader dié massiewe fort van vier verdiepings nou vinnig voltooiing.

**LINKS ONDER:** Toe dit 'n paar jaar gelade nodig geword het om 'n nuwe dam te bou om die wild van water te voorsien, het mnr. Basson besluit om sommer twee vloei met een klap dood te slaan. In plaas van 'n gewone grondnam het hy 'n betonwal gebou. Binne-in die wal het hy 'n volledige kernskuiting ingerig kompleet met eie watervoorsiening en lugsuuringsapparaat.

**REGS ONDER:** Dr. en mev. A. (Tonie) Zietsman van Komatipoort. „Ek het glad te veel opgeoffer om nou bang te word en voet in die wind te slaan. Ons hoop maar détente slaag. Indien dit egter nie slaag nie, is ons deeglik voorbereid op enige gebeurlikheid,” sê hy.

**ONDER:** Mnr. Hans Potgieter van die plaas Nil Desperandum is ook vasberade om nie pad te gee nie. „Ons is vol vertroue dat die Eerste Minister se dialoog sal slaag. Ek hou egter nie daarvan om onnodig te waag nie en ons het geruime tyd gelede reeds die nodige voorbereidings getref.”

**H** O E W E L die terroristestryd in Rhodesië by die dag hewiger word, is die Suid-Afrikaanse grensboere op hierdie tydstip nie oormatig bekommerd nie. Hulle hou hul egter gereed om vinnig te kan optree indien die regering se détente-poging sou misluk en geweld uitbreek.

Boere aan die Suid-Afrikaanse kant van die Limpopo is oor die algemeen kalm en vol vertroue dat détente kan slaag. Tog is hulle dit eens dat indien Rhodesië tot 'n val kom, hul lewens en hul grond in gevaar sal wees.

„Dis moeilik vir Suid-Afrikaners in die bineland om werklik te besef hoe weerbaar ons boere aan die oewer van die Limpopo is,” sê mnr. L. J. B. Roos van die plaas Schroda in die distrik Messina.

„Ons toekoms is onseker. As Rhodesië tot 'n val kom, is ons toekoms, om die minste daarvan te sê, absoluut duister. Ons grond sal oornag waardeloos word en ons lewens sal voortdurend in gevaar wees. Daarom is dit so noodsaaklik dat détente slaag of 'n ander alternatief gevind word om ons toekoms te verseker.”

Mnr. C. J. van Greune jr. van die plaas Weipe stem met mnr. Roos saam en sê dat die boere in sy omgewing optimisties oor die toekoms voel.

„Die détente-pogings van die regering hou groot vredesmoontlikhede in, maar as dit nie slaag nie, voorsien ek groot probleme. Ons sal dan die voorste linie in 'n nuwe terroristestryd wees.”

Sedert die nuwe vlag van geweldpleging in Rhodesië slaap baie van die boere snags met hul vuurwapens 'n armlengte van hulle af.

„Dis omdat ons nie onverwags betrap wil word nie,” sê mnr. F. J. Crossberg van die plaas River aan die oewer van die Limpopo. Hy boer sowat 16 km oos van Beitbrug.

„Tot dusver was hier nog geen voorvalle nie, maar ons is voortdurend gereed vir die onverwagte,” sê hy. Volgens mnr. Crossberg is alles in sy omgewing nog rustig en kommunikeer hulle steeds soos voorheen met die swart Rhodesiërs aan die oorkant van die rivier.

Die toestand aan ons oostelike grens met Mosambiek is egter meer gespanne. Sedert die geweldpleging verlede jaar in hierdie eertydse Portugese kolonie, die uitstroming van blankes uit dié gebied en hul verhaale van terreur tref grensboere hier voorsorgmaatreëls.

Die vroue van die grensboere is ook besig om hulself slag gereed te kry. 'n

Talle takke van die Burgerlike Beskermingsvereniging is in die Oos-Transvaalse Laeveld gestig en die kommandobeweging het 'n ongekende toestroming van vrywilligers beleef.

Dr. A. (Tonie) Zietsman van Komatipoort wat op 'n plaas aan die grens woon, sê hy hoop détente slaag. Sou dit misluk, is hy egter voorbereid op enige gebeurlikheid. 'n Gelaaide haelgeweer en 'n swaar jaggeweer word voortdurend byderhand gehou.

Dr. Zietsman besoek die aanliggende swart gebiede gereed waar hy in noue aanraking met die leiers is. Van hulle het hom vertel dat Frelimo-soldate gereed die grens onwettig oorskree om brood en ander kosvoorrade op Komatipoort te koop. Hierdie artikels is feitlik onverkrygbaar in Mosambiek.

**W** AT die swart leiers egter vrees, is dat Frelimo-agente Suid-Afrika kan binne-spyel en die minder goed ingeligte swartmense kan opstook. Volgens dr. Zietsman is dit 'n groter gevaar as terroriste wat dalk op die grens bedrywig kan raak.

'n Bekende boer van die omgewing en sekretaris van die plaaslike tak van die Nasionale Party, mnr. Hannes Potgieter, sê die boere in sy omgewing is rustig, maar deeglik bewus van die bedreiging aan die grens. Hulle is ten volle voorbereid op enige gebeurlikheid. Mnr. Potgieter is self lid van die kommandobeweging en sy vrou het onlangs 'n noodhulpkursus voltooi.


„Die grensboere ondersteun feitlik deurgaans die Eerste Minister se beleid van détente, maar hulle besef ook dat as dit misluk, geweld moontlik is. Ons besef egter ook dat détente maklik deur die kommuniste as 'n wapen teen ons gebruik kan word en daarom sorg ons dat ons voortdurend op 'n gereedheidsgrondslag is,” sê mnr. Potgieter.

Ds. O. D. Scheuer van die N.G. gemeente op Komatipoort, stem met mnr. Potgieter saam en sê al sy gemeentelike wat op plaas aan die grens met Mosambiek woon, is kalm, maar slag gereed. Ds. Scheuer het bygevoeg dat hy bewus is van boere wat dit oorweeg om hul wonings met geëlektrifiseerde draadheining te omhein.

Die vroue van die grensboere is ook besig om hulself slag gereed te kry. 'n







**„Ons is weerbaar  
aan die oewer van die Limpopo“**

**LINKS BO:** Massief soos 'n slagskip uit die Middeleeue staan dié soliede betonbouwerk op 'n koppie digby Barberton in Oos-Transvaal. Met mure van sowat 'n meter dik en soliede staalbewapening in die beton sal dit so te sê enigiets kan weerstaan. Hoewel dit nie gebou is om spesifiek beskerming teen terroriste te bied nie, sal dit uitstekend aan die doel beantwoord.

**REGS BO:** Hoewel vlermuise en slange op die oomblik hier krioel, kan die binnekant van die betonwal binne 'n paar uur in 'n doeltreffende kernskuiling omskep word wat beantwoord aan al die W.N.N.R. se spesifikasies vir so 'n bouwerk.

**LINKS ONDER:** Die ingang na mnr. L. E. de Bruno Austin se fort digby Barberton laat 'n mens meer dink aan een van die spoghuise in Melrose of Bryanston in Johannesburg.

Pistoolklub onder beskerming van die Burgerlike Beskermingsvereniging is onlangs op Komatipoort gestig waar die vroue een keer per week onderrig in die hantering van vuurwapens ontvang. Die kommandobeweging asook die polisie voorsien die instrukteurs. Noodhulp-kursusse word fluks bygewoon en kursusse word ook aangebied vir noodoptrede in gevalle van terroriste-aanvalle of natuurrampe.

Intussen is die grensdraad tussen Suid-Afrika en Mosambiek op die Lebombobergreeks ook verbeter. Voorheen was daar slegs twee parallelle doringdraadheinings sowat tien meter van mekaar. 'n Nuwe veiligheidsheining van sowat vyf meter hoog is onlangs tussen die twee heinings opgerig.

**T**WEE Laeveldse boere wat die ontwikkeling van die afgelope tyd in Mosambiek in 'n ernstiger lig beskou, is mnr. T. J. Basson van die plaas Hermansburg in die distrik Acornhoek en mnr. L. E. de Bruno Austin van die plaas Jerusalemskop naby Barberton. Albei het massiewe forte gebou om as beskerming teen 'n moontlike aanslag te dien.

Mnr. Basson was besig om die laaste afrondingswerk aan 'n kernbomskuiling op sy plaas te doen toe die onluste verleden jaar in Mosambiek uitgebreek het. Hy het dadelik besluit 'n fort om hom en sy gesin teen moontlike terroriste-aanslae te beskerm, is van groter belang.

Mnr. Basson se fort is 'n massiewe vierverdiepinggebou digby sy plaaswoning. Sy plaas grens aan die Krugerwildtuin en is net 40 km van die Mosambiekse grens af.

'n Uitkyktoring op die vierde verdieping van die fort bied 'n uitsig oor 'n groot deel van die wildtuin en op 'n helder dag, sê mnr. Basson, kan 'n mens die Mosambiekse grens sien.

Die fort bevat genoeg kos en water om die Basson-gesin 'n maand aan die lewe te hou, maar in 'n noodgeval kan hulle solank as drie maande uithou. Die mure van die fort is dik genoeg om enige aanslag te weerstaan en sowel die vensters as die deure is van koeëlvaste glas- en staalplate gemaak.

Mnr. Basson, sy vrou, drie seuns en dogter het afgespreek dat hulle hulle in die fort verskans sodra terroriste gewaar word. Almal is bedrewe skuts en hulle is oortuig daarvan dat hulle enige gevaar kan afweer tot hulp opdaag. Die fort sal by voltooiing meer as R20 000 kos.

Mnr. De Bruno Austin se fort is 'n ietwat indrukwekkender bouwerk. In die twee jaar wat hy reeds daaraan werk, het dit hom al R150 000 gekos en hy verwag dat dit by voltooiing R300 000 gaan oorskry.

Die mure is deurgaans van bewapende beton 'n meter dik gebou met klein venstertjies om te verhoed dat vuurpyle of ander projektele daarin geskiet kan word. Sowat die helfte van die sewentig kamers in die gebou is in die kelderverdieping en uit die ander helfte het hy 'n uitsig rondom hom waar hy tot sover as die Mosambiekse grens kan sien.

Die meeste van die deure is van staalplate en die gebou sal met geslotebaantelevisie toegerus word. Hy oorweeg dit ook om hoogs gesofistikeerde elektroniese toerusting aan te bring wat hom in staat sal stel om enige gedeelte van die gebou deur middel van afstandbeheer, af te sluit.

Mnr. De Bruno Austin is 'n voorstander van detente, maar voel dat die swartman se mentaliteit nie altyd in rekening gehou word nie. Hy glo daar moet meer klem gelê word op praktiese, materiële hulp en minder op hoogdrawende politieke ideale waarvan die meeste swartes in elk geval nie baie verstaan nie.





**D**IT is bykans honderd en twintig jaar sedert die eerste groepie blankes hulle permanent in Rhodesië gevestig het. Benewens die invloede van twee wêreldoorloë is die geskiedenis van dié jong land telkemale deur huishoudelike woelinge gekenmerk waaronder sy onafhanklikheidsverklaring in die sestigerjare, sanksies deur die Verenigde Volke en sekere lande, onsuksesvolle politieke onderhandelinge met Brittanje en die ononderbroke inspyeling van terroristegroepe uit die noordelike buurstaat.

Hier is 'n beknopte opsomming van die belangrikste gebeurtenisse wat regstreeks of onregstreeks meegehelp het om die geskiedenis van Rhodesië ten grondslag te lê.

1837 — Silkaats, die grootste generaal van Tsjaka se leer, is verplig om vir sy heerser te vlug en as aanvoerder van 'n magtig leer wat hy op die been gebring het, trek hy noordwaarts en vestig homself in 1837 in Matabeleland naby Bulawayo. Hy word uiteindelik die stigter en koning van die Matabele-volk.

1853 — Op 5 Julie word Cecil John Rhodes as seun van 'n predikant in Bishop's Stortford in Engeland gebore.

1855 — David Livingstone ontdek die Victoria-waterval. 1859 — Dr. Robert Moffat stig die Inyati-sendingstasie en sodoende die eerste permanente blanke nedersetting in Rhodesië.

1870 — Cecil John Rhodes emigreer weens gesondheidsredes na Natal. Omstreeks dieselfde tyd word Lobengula, seun van Silkaats, as koning van die Matabele-volk gekroon.

1880 — Rhodes word stigter van die De Beers-diamantmyngroep en lid van die Kaapse Parlement.

1890 — Op 6 Mei trek die Pioniersgroep uit Kimberley tot in Masjionaland en stig Fort Salisbury.

1893 — Op 24 Oktober word 5 000 Matabele-soldate by Shangani voorgekeer en in 'n teenrigting gedwing.

1894 — Daar word vermoed dat Lobengula gesneuwel het.

1895 — Masjionaland en Matabeleland word tot Rhodesië herdoop.

1899 — Die spoorlyn van Beira na Umtali word geopen.

1902 — Cecil John Rhodes sterf op 26 Maart in Muizenberg en word op 10 April by World's View in die

Nog 'n lyk. 'n Rhodesiese soldaat staan hier by 'n terroris wat haastig deur sy makkers met klippe toegepak is. (Foto: John Tuffin.)

# DIE GESKIEDENIS VAN RHODESIË

*Honderd en twintig jaar het verloop sedert die eerste permanente vestiging van blankes in Rhodesië. Sedertdien was daar klein opstande, twee wêreldoorloë, 'n eensydige verklaring van onafhanklikheid, sanksies deur die Verenigde Volke en meer onlangs . . . guerrilla-oorlog. Hier is 'n kort opsomming van Rhodesië se geskiedenis*

Matopopo's begrawe.

1920 — 30 April — verkiesingsdag vir die laaste Wetgewende Raad onder administrasie van die Brits/Suid-Afrikaanse maatskappy.

1922 — 'n Afvaardiging word na Kaapstad gestuur om die Suid-Afrikaanse regering te

woord te staan oor Rhodesië se moontlike insluiting by die Unie van Suid-Afrika. Op 27 Oktober word 'n referendum gehou oor die wenslikheid van Suid-Rhodesië se insluiting by die Unie of die aanvaarding van 'n eie verantwoordelike regeringstelsel. 'n Meerderheid van 2 785 stem ten gunste van

verantwoordelike regering.

1929 — Die Beit-brug oor die Limpopo word oopgestel.

1935 — Rhodesia House word in Londen geopen. Handelsbetrekkinge met Suid-Afrika tree in werking.

1939 — Die Tweede Wêreldoorlog begin.

1940 — Die eerste

Sy aan sy. Wit en swart veg saam om die behoud van Rhodesië. Die stryd teen terrorisme is al nege jaar aan die gang. Hoe lank gaan dit nog voort-duur? (Foto: A.J. Venter.)





Empire-opleidingskool van die Royal Air Force word naby Salisbury geopen. Opleidingskampe vir die weermag word by Salisbury, Bulawayo en Umtali gestig. Tydens die duur van die oorlog het Suid-Rhodesië in verhouding meer vegendes as enige ander Statebondslid gelewer.

1942 – Militêre eenhede van Suid-Rhodesië word onder bevel van die Unie van Suid-Afrika geplaas.

1951 – Nagenoeg 100 jong Rhodesiërs vertrek na Maleia om teen kommunistiese opstandelinge te help veg.

1953 – 'n Referendum oor die federasie van Noord- en Suid-Rhodesië en Njassaland word gehou. Altesame 25 570 kiesers stem daarvoor en 14 729 daarteen.

1955 – Die federale regering kondig sy besluit aan om met die oprigting van die hidro-elektriese skema by Kariba voort te gaan.

1956 – Lord Malvern (voorheen sir Godfrey Huggins), federale eerste minister, tree af en word deur sir Roy Welensky opgevolg.

1959 – Grootse skale opstande en stamgevegte breek in Noord-Rhodesië en

Njassaland uit en neem veral in laasgenoemde land ernstige wendinge aan waar 'n sameswering om die goewerneur en hooggeplaaste amptenare te vermoor, blootgelê word.

1960 – Die Monckton-kommissie word aangestel en besoek al drie gebiede om die toekoms van die federasie te oorweeg. Dié sending word deur die swartes in die twee noordelike gebiede geboikot. Die kommissie beveel aan dat die gebiede geskei word.

1962 – Nuwe grondwette word aan Noord-Rhodesië en Njassaland toegestaan.

1963 – Die Federasie van Rhodesië en Njassaland word amptelik beëindig.

1964 – Winston Field bedank as eerste minister en word deur Ian Smith opgevolg. Suid-Rhodesië sal voortaan as Rhodesië bekend wees. Sir Roy Welensky kondig sy uitrede uit die Rhodesiese politiek aan en bedank as leier van die Rhodesia Party.

1965 – Mnr. Smith doen sy eensydige onafhanklikheidsverklaring. Britse lugmagenehede word na Zambia gestuur. Op 16 Desember vra die Britse eerste minister, mnr. Harold Wilson, die steun van die

Verenigde Volke om die „rebellie” in Rhodesië te beëindig. Hy beroep hom op 'n beleid van geen wapengeweld en aanvaar volle verantwoordelikheid om die saak persoonlik te behartig.

1965 – Met die steun van die Verenigde Volke kondig mnr. Wilson 'n olieboikot teen Rhodesië aan en begin met 'n olie-lugbrug na Zambia. Rhodesië verbied olie-uitvoere na Zambia.

1966 – Op 2 Desember hou mnr. Wilson en mnr. Smith samesprekings op die skip Tiger oor 'n moontlike ooreenkoms. Die Rhodesiese regering aanvaar mnr. Wilson se voorstelle as basis vir 'n nuwe grondwet. Die Britse premier kondig in die Laerhuis aan dat Rhodesië nie onafhanklikheidsstatus sal ontvang voordat 'n swart meerderheidsregering die bewind oorneem nie.

1968 – Die Veiligheidsraad van die Verenigde Volke keur omvattende sanksies teen Rhodesië goed.

1969 – Eerw. Ndabaningi Sithole, leier van die verbode Zimbabwe African National Union, word tot ses jaar gevangenisstraf gevonnis weens 'n komplot om mnr. Ian Smith en twee lede van die

Rhodesiese kabinet om die lewe te bring.

1970 – Groot-Brittanje en die Verenigde State gebruik albei hul veto-stemreg om te verhoed dat algehele sanksies teen Rhodesië bekragtig word.

1972 – 'n Kommissie van ondersoek onder aanvoering van lord Pearce kom in Rhodesië aan om vas te stel in welke mate die ooreenkomsvoorstelle vir Rhodesië aanneemlik is. Onluste in Salisbury, asook Gwelo en Umtali. Op 21 Desember val gewapende terroriste die plaas Altena in die Centenary-gebied aan en wond 'n agtjarige meisie. 'n Hernieude vlaag terroristebedrywighede begin.

1973 – Op 9 Januarie word die grens tussen Rhodesië en Zambia gesluit tot tyd en wyl Zambia die versekering gee dat geen terroriste in dié land beskerm sal word nie. Zambie sluit sy grens met Rhodesië.

8 Junie val terroriste 'n plaaswoning in die noordoostelike grensgebied van Rhodesië aan en die blanke boer word doodlottig gewond. Alle blanke mans tot op die ouderdom van 50 jaar word gelas om hulle voor 30 Junie 1974 kragtens die Verdedigingswet te laat registreer.

Op 5 Julie ontvoer 'n groep terroriste 295 swart leerlinge en onderwysers van die St. Alberts-sendingskool in die noordoostelike grensgebied. Almal behalwe agt van die ontvoerders word kort daarna opgespoor en gered. Gedurende die res van die jaar word die terroristebedrywighede in dié gebied voortdurend uitgebrei en stamlede geïntimideer.

1974 – Brandstof word gerantsoeneer. Die Rhodes Front wen al 50 setels vir blanke in die algemene verkiesing. Die Rhodesiese volkslied word die eerste keer tydens die opening van die parlement gespeel. Die Rutenga/Beitbrug-spoorlyn word voltooi.

1975 – Teen Junie vanjaar is meer as 600 terroriste gedurende die gevegtydperk van 30 maande in die noordoostelike gebiede doodlottig verwond teenoor 60 lede van die veiligheidsmagte en nagenoeg 300 burgers wat deur die terroriste vermoor is. 'n Groot poging om détente in Suider-Afrika te verkry, is aan die gang.

## Hoeveel gaan nog sterf?

Rhodesians Worldwide



'n Bekende gesig in die digte boswêreld. Wanneer sulke patrolls deur die bosse beweeg, is die spanning ondraaglik, want terroriste kan elke oomblik toeslaan. (Foto: Al J. Venter.)